# JEUGLES: Amazing Race deur Genesis

## Leiers bring asb julle Bybels saam!!

### 1. PRAISE AND WORSHIP

### 2. INSTRUKSIES VIR DIE AAND:

- In die saal gaan daar sewe ‘stasies’ wees met vrywilligers wat elke ‘stasie’ beman.
- Die groepe gaan leidrade kry wat hulle moet ontsyfer om die naam van die Bybel karakter te kry waaroor hulle gaan leer.
- AL die leidrade is op een blaai met die ‘sleutel’ bo-aan. Ontsyfer die kodes en begin dan by nr 1 en so aan. MOENIE op ‘n ander plek begin nie, want dis so uitgewerk dat meeste van die groepe nie op dieselfde plek sal begin nie, om ‘n opeenhoping te verhoed.
- Kyk na die naam wat julle ontsyfer het, en besluit dan watter Bybel karakter in die saal dit voorstel.
- EEN groeplid gaan dan saal toe en kry die werksvel oor die karakter, by die ‘karakter.
- As almal die instruksies volg gehoort hierdie aand nie in chaos te eindig nie.
- Ons gaan nie ‘n ysbreker vir hierdie les gebruik nie, omdat die formaat van die hele aand half in ‘funaand’ formaat is.

### 3. HOOFTREKKE UIT GENESIS WAT ONS TYDENS HIERDIE LES BEHANDEL:

| |
|---|
| **1. Adam en Eva:**<br>- Slang en Appel<br>- Formaat van werksvel: Vul die ontbrekende woorde in |
| **2. Noag:**<br>- Man met ‘n ark voor hom<br>- Formaat van werksvel: Waar of onwaar |
| **3. Toring van Babel:**<br>- Tafel met foam glasies wat in die vorm van ‘n toring gepak is<br>- Formaat van werksvel: Vraag en antwoord (moenie antwoorde neerskryf nie) |
| **4. Abraham en Sara:**<br>- Man en vrou wat Bybels aangetrek is, met poeier in die hare, met ‘n baba pop<br>- Formaat van werksvel: Vraag en antwoord (moenie antwoorde neerskryf nie) |
| **5. Sodom en Gomorra:**<br>- Bakkie sout en vuurhoutjies<br>- Formaat van werksvel: Vraag en antwoord (moenie antwoorde neerskryf nie) |
| **6. Jakob:**<br>- Leer met prentjies van engele op<br>- Formaat van werksvel: Match die antwoorde met die regte vraag |
| **7. Josef:**<br>- Almal gaan saam in die kerk aan ‘n vasvra oor Josef deelneem |

### 4. Almal sluit saam met nr 7 af, en sluit daarna af met gebed in julle groepe

# Amazing Race deur Genesis: Geheime kode alfabet

| © | ⍰ | ◊ | ¥ | ≠ | ™ | Ω | % | ┴ | ☺ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A** | **B** | **C** | **D** | **E** | **F** | **G** | **H** | **I** | **J** |

| ♀ | ♥ | ♫ | ╬ | ♣ | † | ὼ | ☼ | ♯ | ↨ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **K** | **L** | **M** | **N** | **O** | **P** | **Q** | **R** | **S** | **T** |

| ◙ | ▼ | ▬ | ɷ | ∑ | ∞ |
|---|---|---|---|---|---|
| **U** | **V** | **W** | **X** | **Y** | **Z** |

**<u>LEIDRADE:</u>**

1. © ¥ © ♫ ≠ ╬ ≠ ▼ © ……………………………
2. ╬ ♣ © Ω ……………………………
3. ↨ ♣ ☼ ┴ ╬ Ω ▼ © ╬ ⍰ © ⍰ ≠ ♥ ……………………………
4. © ⍰ ☼ © % ♫ ≠ ╬ ♯ © ☼ © ……………………………
5. ♯ ♣ ¥ ♣ ♫ ≠ ╬ Ω ♣ ♫ ♣ ☼ ☼ © ……………………………
6. ☺ © ♀ ♣ ⍰ ……………………………
7. ☺ ♣ ♯ ≠ ™ ……………………………

**<u>Antwoorde:</u>**

1. © ¥ © ♫ ≠ ╬ ≠ ▼ © **Adam en Eva**
2. ╬ ♣ © Ω **Noag**
3. ↨ ♣ ☼ ┴ ╬ Ω ▼ © ╬ ⍰ © ⍰ ≠ ♥ **Toring van Babel**
4. © ⍰ ☼ © % ♫ ≠ ╬ ♯ © ☼ © **Abraham en Sara**
5. ♯ ♣ ¥ ♣ ♫ ≠ ╬ Ω ♣ ♫ ♣ ☼ ☼ © **Sodom en Gomorra**
6. ☺ © ♀ ♣ ⍰ **Jakob**
7. ☺ ♣ ♯ ≠ ™ **Josef**

# Adam en Eva

**Instruksies**: Vul die ontbrekende woorde in.

**1.** Adam en Eva was die eerste _______________ op aarde gewees.

**2.** Adam en Eva het in die tuin van _____________ gebly. **Gen 2:8**

**3.** Adam en Eva was ___________________ aan God gewees. Hulle het van die boom in die ___________________ van die tuin se __________________ geëet waarvan God gesê het hulle ___________ mag eet nie. **Gen 3:1-7**

**4.** As deel van die _____________ vir wat hulle gedoen het, het God hulle _____________ tuin van Eden gesit. **Gen 3:23**

**5.** Adam en Eva se twee seuns was _____________ en _____________ **Gen 4:1-2.**

**6.** Die een was ‘n __________ boer en die ander ‘n __________ boer. **Gen 4.2**

**7.** _____________ was die eerste misdaad in die Bybel gewees, want Kain het vir Abel _______________ **Gen 4:8**

**8.** Hoekom het hierdie misdaad plaasgevind? **Gen 4:4-7**

**9.** Wat was die straf vir hierdie misdaad gewees**? Gen 4:11-12**

## Adam en Eva Antwoorde

1. Mense
2. Eden
3. Ongehoorsaam; middel; vrug; nie
4. Straf; uit die
5. Kain en Abel
6. Veeboer; saaiboer
7. Moord
8. Kain was kwaad en jaloers op sy broer gewees
9. Kain is deur God vervloek en hy sou ‘n doellose swerwer op aarde wees.

# Noag

**Instruksies**: Sê of die volgende waar of onwaar is, indien dit onwaar is gee die regte antwoord.

1. God het vir Noag gesê om ‘n ark te bou, want die aarde was korrup en vol geweld, en Hy wou alles op die aarde verdelg (vernietig). **Gen 6:11-13**

2. God het Noag en sy familie gespaar omdat Noag al baie oud was. **Gen 6:9**

3. Noag moes twee van elke dier in die ark inneem. **Gen 7:2**

4. Dit het 80 dae lank gereën. **Gen 7:4**

5. Noag was ‘n 100 jaar oud toe dit begin reën het. **Gen 7:6**

6. Die water was so hoog soos die huise se dakke gewees. **Gen 7:20**

7. Noag het geweet dat die water op die aarde opgedroog het, want hy’t ‘n duif uitgestuur, en die het nie teruggekom nie. **Gen 8:10-12**

8. God het vir Noag ‘n reënboog as teken gegee dat Hy nooit weer vloedwaters sal stuur wat alle lewende wesens uitroei nie. **Gen 9:12**

9. Hoe lank was Noag en sy familie en al die diere saam in die ark gewees? Gebruik die volgende teksverse om by die antwoord uit te kom **Gen 7:24 / Gen 8:3 / Gen 8:6 / Gen 8:10 en Gen 8:12**

## Noag **Antwoorde:**

1. Waar

2. Onwaar – Noag was ‘n regverdige man wat naby God geleef het

3. Onwaar – van die rein diere 7 pare van elk, van die onrein diere 1 paar van elk

4. Onwaar – 40 dae en 40 nagte

5. Onwaar – hy was 600 jaar oud gewees

6. Onwaar – amper 7 meter bokant die berge

7. Waar

8. Waar

9. Ongeveer 354 dae

# Toring van Babel

**Instruksies**: Beantwoord die volgende vrae:

**1.** Hoekom het die mense die toring van Babel gebou? **Gen 11:4**

**2.** Hoekom het God hulle oor die aarde laat versprei? **Gen 11:7**

## Toring van Babel **Antwoorde**:

**1.** Sodat hulle nie oor die aarde moes versprei nie.
**2.** Verwarring in hulle taal gebring sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie.

# Sodom en Gomorra

**Instruksies**: Beantwoord die volgende vrae:

**1.** Hoekom het God vir Sodom en Gomorra verwoes? **Gen 18:20**

**2.** Hoe het God vir Sodom en Gomorra verwoes? **Gen 19:24**

**3.** Wat het met Lot se vrou gebeur omdat sy omgekyk het? **Gen 19:26**

## Sodom en Gomorra **Antwoorde:**

**1.** Hulle sonde was baie groot gewees.
**2.** Met swael en vuur uit die hemel uit.
**3.** Sy het in ‘n soutpilaar verander.

# Abraham en Sara

**Instruksies**: Beantwoord die volgende vrae, moenie die antwoorde neerskryf nie.

1. Hoekom moes Abraham uit sy land uit trek? **Gen 12:1-2**
2. Wie was Abraham se vrou gewees? **Gen 12:5**
3. Wie was Lot gewees? **Gen 12:5**
4. Hoekom kon Abraham en Lot nie bymekaar bly nie? **Gen 13:6**
5. Wat het Sara gedoen omdat sy nie kinders kon hê nie? **Gen 16:2**
6. Was hierdie kind van die slavin die kind uit wie Abraham se nageslag gebore sou word? **Gen 17:19**
7. Wat het Sara gedoen toe sy hoor sy gaan 'n kind hê? **Gen 18:13**
8. Hoe oud was Abraham en Sara toe hulle seun gebore is? **Gen 17:17**
9. Wat was hulle seun se naam gewees? **Gen 17:19**
10. Watter vreeslike ding het God vir Abraham gesê om met sy seun te doen? **Gen 22:2**
11. Het God hom dit op die einde laat doen? **Gen 22:10-12**
12. Hoekom het God vir Abraham hierdie vreeslike opdrag gegee? **Gen 22:12**
13. Waaraan laat hierdie vreeslike opdrag ons dink?

## Abraham en Sara **Antwoorde:**

1. God wou van hom 'n groot nasie maak.
2. Sara / Sarai
3. Sy broerskind
4. Die land kon nie saam in Abraham en Lot se behoeftes voorsien nie.
5. Haar slavin vir Abraham gegee om kinders by haar te hê.
6. Nee
7. Gelag
8. Abraham – 100 jaar en Sara – 90 jaar
9. Isak
10. God het gesê dat Abraham vir Isak aan Hom moes offer.
11. Nee
12. God wou weet of Abraham Hom sou dien.
13. Aan God wat Sy Seun, Jesus vir ons laat offer het.

# Jakob

**Instruksies**: Gebruik die woorde hieronder en 'match' dit met die regte vrae:

| |
|---|
| **Ragel; Josef; Israel; Easu; Isak en Rebekka; 14; 12; Deur sy pa te bedrieg;** |
| **Haar pa het haar suster vir Jakob as vrou gegee; 'n Pot lensiesop; 'n Leer met engele** |

1. Wie was Jakob se ouers gewees? **Gen 25:20-26**

2. Jakob was een van 'n tweeling gewees, wie was sy broer gewees? **Gen 25:25**

3. Waarvoor het Jakob se broer sy eersgebore reg verkoop? **Gen 25:31-34**

4. Hoe het Jakob sy broer se eersgebore reg gekry? **Gen 27:16-17**

5. Nadat Jakob vir sy broer gevlug het, het God in 'n besonderse droom aan hom verskyn. Wat het hy in die droom gesien? **Gen 28:12**

6. Wie was die vrou wat Jakob liefgehad het? **Gen 29:17-18**

7. Wat het op hulle troudag gebeur? **Gen 29:23**

8. Hoe lank het Jakob vir Ragel gewerk? **Gen 29:18+27**

9. Hoeveel seuns het Jakob gehad? **Gen 35:22**

10. God het Jakob se naam verander, wat was sy nuwe naam gewees? **Gen 35:10**

11. Watter seun het Jakob die liefste gehad? **Gen 37:3**

## Jakob **Antwoorde:**

1. Isa ken Rebekka
2. Easu
3. 'n Pot lensiesop
4. Deur sy pa te bedrieg
5. 'n Leer met engele
6. Ragel
7. Haar pa het haar suster vir Jakob as vrou gegee
8. 14 jaar
9. 12
10. Israel
11. Josef

# Josef

**Instruksies**: Hierdie afdeling word in die vorm van ‘n vasvra in die grootgroep gedoen

1. Wie was Josef se pa gewees? **Gen 37:3**
2. Wat het sy pa vir hom gemaak wat sy broers nie gekry het nie? **Gen 37:3**
3. Hoekom het sy broers nie van hom gehou nie? **Gen 37:2**
4. Wat het hulle met hom gedoen? **Gen 37:27**
5. Wie het vir Josef in Egipte gekoop? **Gen 39:1**
6. Hoe het Josef in die tronk geland? **Gen 39:6 / 10-12 / 16-20**
7. Hoe het Josef uit die tronk gekom? **Gen 41:14-15**
8. Wat het Farao se droom beteken? **Gen 41:29-31**
9. Hoe het Josef weer by sy familie uitgekom? **Gen 42:1-2**
10. Hoekom het al hierdie slegte goed met Josef gebeur? **Gen 45:5**

## Josef **Antwoorde:**

1. Israel / Jakob
2. Lang klere met moue
3. Hy het slegte stories oor sy broers by sy pa aangedra.
4. Hulle het hom as slaaf verkoop.
5. Potifar
6. Potifar se vrou het gesê dat hy by haar probeer slaap het.
7. Hy het Koning Farao se droom uitgelê.
8. Daar sou 7jaar groot oorvloed in Egipte wees, en daarna 7jaar groot hongersnood.
9. Hulle het kos by Josef in Egipte gaan koop.
10. Sodat hy sy familie se lewens kon red.